

## Gereelde Vrae

### **V1: Moet ek die Nasionale die Nasionale Normtoets (NNT) skryf vir toelating tot die program?**

A1: Alhoewel studente gewoonlik die NNT's as voorvereiste moet skryf, hoef studente wat vir die 2022-inname by die Fakulteit Opvoedkunde aansoek doen, nie die NNT's te skryf nie.

### **V2: Hoeveel kos dit om BEd te studeer?**

A2: Vir voorlopige studiefiooie, volg die [skakel](#).

### **V3: Wat is die verskil tussen die Grondslagfase- en Intermediêre Fase-programme?**

A3: Na voltooiing, laat die Grondslagfase-program jou toe om graad R-3 te onderrig, terwyl die Intermediêre Fase jou in staat stel om graad 4-6 te onderrig.

### **V4: Is daar enige beursgeleenthede vir Voorgraadse studente?**

A4: Ja. Voorgraadse studente sowel as NOS-studente kan aansoek doen vir die [NSFAS Beurs](#) sowel as die [Funza Lushaka Beurs](#).

### **V5: Kan die NOS deelyds voltooi word?**

A5: Ongelukkig nie. Ons Universiteit bied slegs 'n voltydse programme aan.

### **V6: Kies ek self die skool waar ek my prakties doen?**

A6: Van jaar 1-3 kies studente self die skool waar hulle observasie doen en proef. In die vierde jaar word die skole deur die Universiteit aan studente toegeken.

### **V7: Waar kan ek die onderskeie programme se klasroosters sien?**

A7: Klasroosters word beskikbaar gestel aan geregistreerde studente. Vir meer inligting kontak gerus die programkoördineerder.

### **V8: Is daar 'n NOS-program vir die Grondslagfase?**

A8: Nee, net vir Verdere Onderwys en Opleiding (VOO).

**V9: Kan ek van programme verander (tussen GF en IF)?**

A9: Net indien daar plek is, ja. Sulke veranderinge mag eers na die eerste jaar van studie plaasvind.

**V10: Hoe vind keuring plaas?**

A10: Die keuringskriteria word toegepas en studente word op meriete gekeur.

**V11: Hoeveel studente neem julle in vir die BEd-program?**

A11: 'n Totaal van 250 studente word aanvaar (125 vir GF en 125 vir IF)

**V12: Kan my foon aan die Universiteit se Wi-Fi gekoppel word?**

A12: Ja, elke student kan vyf apparate aan die Wi-Fi koppel.

**V13: Is daar rekenaars en drukkers vir die BEd-studente beskikbaar?**

A13: Ja. Die Fakulteit Opvoedkunde se rekenaargebruikersarea, HUMARGA, is in die Lettere en Sosiale Wetenskappe-gebou. Koshuise en die studentesentrum (Die Neelsie) het ook 'n paar rekenaars en drukkers tot studente se beskikking.